

Inhoudsopgawe

1. Jesus is jou vriend	7
2. Jesus is 'n vriend wat altyd liefhet	18
3. Jesus is 'n vriend wat jy kan vertrou	27
4. Jesus is 'n vriend wat vir jou bid	40
5. Jesus is 'n vriend wanneer jy Hom ook al nodig het	53
6. Jesus is 'n vriend wat jou verstaan	69
7. Jesus is 'n vriend wat genadig is	84
8. Jesus is 'n vriend wat vrygewig is	96
9. Jesus is 'n vriend wat getrou is	108
10. Jesus is 'n vriend wat wys is	120

1

Jesus is jou vriend

Die enigste ding wat beter is as 'n vriend ... is 'n beste vriend. Iemand saam met wie jy ure en ure kan kuier terwyl julle heelyd gesels en opwindende dinge doen. 'n Beste vriend is iemand waarvan jy hou, op wie jy vertrou, op wie jy staatmaak en saam met wie jy soveel tyd deurbring as wat jy kan – soveel as wat jou ouers jou toelaat.

Maar vriendskappe is met mense, en baie keer laat mense ons in die steek. Miskien draai hulle teen jou. Miskien wil hulle nie meer vriende met jou wees nie. En miskien trek hulle ver weg.

Maar die goeie nuus is dat Jesus jou *nooit* in die steek sal laat nie. Hy is vir altyd jou vriend. En Jesus sal *nooit* teen jou draai of besluit om nie meer vriende met jou te wees nie. En Jesus sal *nooit* wegtrek en jou alleen los nie. Jesus is vir altyd jou vriend.

Jy weet seker al Jesus is baie spesiaal. Om die waarheid te sê, Hy is die spesiaalste persoon wat nog ooit gelewe het.

Jy hoef nie ver in die Nuwe Testament van die Bybel – veral Matteus, Markus, Lukas en Johannes – te lees voordat jy agterkom dat die stories van Jesus baie lesse bevat en vir jou die karaktereienskappe van Jesus, asook sy verhouding met mense wys nie. Hy het mense altyd vriendelik behandel en baie siek mense gehelp – selfs party wat al dood was!

Jesus is ook die belangrikste onderwyser of leermeester wat nog ooit gelewe het, en die wonderlikste persoon wat al ooit gelewe het. Sy lewe, dood en opstanding uit die dood het miljoene mense se lewens al verander sedert Hy amper 2 000 jaar gelede terug is hemel toe.

“Ja,” sal jy saamstem, “Jesus is ’n spesiale persoon, maar wat beteken dit vir my?” Om daardie vraag te beantwoord, kan jy eerstens hieroor nadink: Die wonderlikste mens wat nog ooit gelewe het – Jesus Christus – wil jou graag beter leer ken en ook jou vriend word. Kyk maar wat het met party mense gebeur wat Jesus gevolg het – Hy het vir hulle gesê:

Ek noem julle nie meer slawe nie, want ’n slaaf weet nie wat sy eienaar doen nie. Julle noem Ek lankal vriende, omdat Ek alles wat Ek by die Vader gehoor het, aan julle verduidelik het (Johannes 15:15).

Kan jy aan ’n paar goeie dinge dink wat kon gebeur het as Jesus jou vriend was? Skryf hulle hier neer:

Pret in God se Woord!

Dit is altyd goed om die persoon te ken wat sê dat hy of sy graag jou vriend wil wees. Sit dus 'n paar minute opsy om pret te hê in God se Woord terwyl ons vir J-E-S-U-S leer ken.

Jesus is die Seun van God. Baie kinders – en grootmense ook – raak deurmekaar wanneer Jesus “die Seun van God” genoem word. Hulle dink dit beteken dat Jesus nie God was nie, maar slegs God se Seun was, wat hulle dan laat dink Jesus is iemand minder as God. Maar lees die teksverse hierna en beantwoord dan hierdie vraag: Hoe het hierdie mense gereageer toe Jesus gesê het dat Hy die Seun van God is?

Daarom het die Jode hulle nog meer beywer om Hom dood te maak, want Hy het nie net die Sabbat ontheilig nie, maar God ook sy eie Vader genoem, en Homself só aan God gelykgestel (Johannes 5:18).

Volgens Johannes 20:31, wat is die doel van Johannes se Evangelie (die Bybelboek Johannes)?

*Hierdie tekens is wel opgeskryf [die woorde/boods-
skappe in Johannes se Evangelie] sodat julle tot die
geloof kan kom dat Jesus die Messias is, die Seun van
God.*

Volgens die res van Johannes 20:31, wat is die gevolg as jy glo dat Jesus die Seun van God is?

*... en sodat julle deur aan te hou glo, in sy Naam die
lewe kan hê.*

Tomas, een van Jesus se dissipels, het gehoor Jesus sê Hy is “die Seun van God”. Hy het gehoor hoe ander Hom op hierdie titel aanspreek. Wat het Tomas Jesus genoem, terwyl hy geweet het dat Hy “die Seun van God” is?

*Tomas het vir Jesus gesê: “My Here en my God!”
(Johannes 20:28).*

Jesus is regtig baie spesiaal, omdat Hy God is wat die hemel en die aarde gemaak het. Hy het die eerste mense

op aarde, Adam en Eva, gemaak. Hy het 'n spesiale verhouding met hulle gehad, en nou wil Jesus, wat God in menslike liggaam was, ook *jou* vriend wees. Is dit nie cool nie? Eintlik is dit fantasties!

Wat anders het Jesus gedoen? Lees verder.

Eerstens na die wêreld toe gekom as 'n baba. God is Gees, wat beteken dat Hy nie 'n liggaam het nie. Sedert die tyd toe alles geskep is, wou God 'n persoonlike verhouding hê met die mense wat Hy gemaak het. Om dit moontlik te maak, moes Hy 'n mens word. Lees die teks-verse hieronder en skryf neer hoe God 'n mens sou word.

Jy [Maria] sal swanger word en 'n seun hê en jy moet Hom Jesus noem. (Lukas 1:31).

Kyk nou na al die ander beskrywings van wat hierdie “kind” sal word en bereik:

- *Hy sal groot wees*
- *en die Seun van die Allerhoogste genoem word.*
- *En die Here God sal Hom die troon van sy voorvader Dawid gee.*
- *Hy sal vir ewig oor Israel regeer;*
- *en sy koningsheerskappy sal nooit eindig nie! (Lukas 1:32-33).*

Hoe moet jou indrukke en jou verstaan van Jesus verander word, gebaseer op hierdie beskrywings van Jesus as God?

Die engel het vir Maria belowe dat 'n baba gebore sou word. Volgens die verse hieronder, waar het die engel vir die skaapwagters gesê sou hulle hierdie baie spesiale baba kry?

Die Verlosser – ja, die Messias, die Here – is vannag in Betlehem, die tuisdorp van Dawid, gebore! En dit is hoe julle Hom sal herken: Julle sal 'n Kindjie vind wat in 'n krip lê en in doeke toegedraai is! (Lukas 2:11-12).

Nadat Jesus gebore is, was Hy God in 'n menslike liggaam. Hy was 'n mens, net soos ek en jy. Maar Hy was ook God, en Hy het steeds al die eienskappe van God besit, wat beteken dat Jesus 'n volmaakte, sondelose geaardheid gehad het. Hy was en is 100% God en 100% mens.

Sy lewe opgeoffer vir sy vriende. Dit is 'n baie spesiale vriend wat bereid sal wees om in jou plek dood te gaan.

En tog is dit wat Jesus gesê het Hy bereid was om vir sy vriende te doen. Volgens Johannes 15:13, wat is die bewys van die grootste liefde in die wêreld?

Niemand het 'n groter liefde as hierdie nie: dat iemand sy lewe opoffer ter wille van sy vriende (Johannes 15:13).

Hoe het Jesus volgens Romeine 5:8 sy liefde vir sy vriende – en vir jou – bewys?

God laat blyk sy liefde vir ons egter daarin dat Christus vir ons kom sterf het ten spyte daarvan dat ons nog sondaars was.

Uitgenooi om deel te word van God se hemelse gesin. Jesus wil graag jou vriend wees, maar saam met daardie vriendskap kom nog 'n ander verhouding. Wat wil God die Vader deur jou vriendskap met sy Seun doen?

Deur wat Christus gedoen het, het God vooraf besluit

om ons as sy kinders aan te neem. Hy het dit gedoen omdat dit is hoe Hy dit wou hê (Efesiërs 1:5).

Wanneer jy deur jou vriendskap met Jesus deel word van God se gesin, watter geskenk gee die Vader volgens Galasiërs 4:6 vir jou?

Omdat julle sy kinders is, het God die Gees van sy Seun gestuur om in ons te lewe. Die Gees in ons roep voortdurend na God: “Abba!” – wat die Aramese woord is vir “Vader”.

Wanneer Jesus jou vriend word, kom woon Hy in jou hart!

Sekerheid van die ewige lewe vir sy vriende. Jesus bied aan sy vriende ’n spesiale soort lewe – die ewige lewe. “Ewige” beteken iets wat vir altyd aanhou – sonder enige einde. Wat moet jy doen om die ewige lewe, dit is lewe wat nooit ophou nie, te verkry?

God het die mensdom só liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore gaan nie, maar die ewige lewe sal hê (Johannes 3:16).

Glo jy dat Jesus God is en dat Hy vir jou sondes gesterf het? Indien wel, wil God die Vader hê jy moet 'n vriend van sy Seun wees.

Wat 'n vriend het jy in Jesus!

Deur hierdie hele boek sal jy baie stories oor Jesus se lewe lees wat in die Bybel opgeteken is. Hulle sal jou help om te verstaan dat God na die aarde toe gekom het as 'n mens sodat Hy vir jou die geleentheid kon gee om sy vriend te wees. Elke hoofstuk wat jy lees, sal vir jou wys hoe spesiaal dit is om God se vriend te wees deur sy Seun, Jesus.

Jesus is jou vriend

In hierdie hoofstuk het ons pret gehad in God se Woord deur te leer dat **J-E-S-U-S** God is en dat **J-E-S-U-S** 'n persoonlike verhouding met jou wil hê en jou vriend wil wees. Dink daaraan hoe spesiaal jou vriend **J-E-S-U-S** is terwyl jy iets by elke letter van sy Naam neerskryf. (Ek sal jou aan die gang sit met “J”.)

Jesus is die Seun van God

E _____

S _____

U _____

S _____

Skryf een ding neer waarvan jy gehou het, wat jy geleer het of wat jy wil doen noudat jy ontdek het dat Jesus graag jou vriend wil wees.

'n Gebed om te bid

Jesus, dit is so moeilik om 'n vriend te maak en om 'n vriend te wees. Dankie dat U graag my vriend wil wees. Amen.